DRIEKAMPBYEENKOMS

Pak die Triple en wys jou YSTER

Dink jy dalk jy's nogal 'n yster? Dan weet ek van 'n uitdaging vir jou – die Triple Challenge in KwaZulu-Natal, skryf JACQUES MARAIS.

Elke jaar teen einde November word die Triple Challenge in KwaZulu-Natal aangebied, en elke multisport-atleet wat sy sout werd is, mik dan na Pietermaritzburg om die stem te gaan dik maak.

Tans word dié eendag-kompetisie beskou as een van die land se taaiste driekampbyeenkomste.

Anders as die Ysterman-byeenkomste is die grootste deel van dié roete nie op teer nie.

Indien jy beplan om die Triple Challenge te pak, moet jy weet daar wag nie 'n maklike dag op jou nie.

Die mans en vroue begin met 'n halfmarathon, en die 21 km-roete volg oorwegend gruispad en enkelspoor-voetpaadjies.

Die bergfietsdeel van sowat 55 km volg hierna, met deelnemers wat les opsê teen die swaartekrag deur die Vallei van Duisend Heuwels.

Hierdie vallei is geleë in die hartjie van die Zoeloe-koninkryk, en die roete klim deur berge en dale voordat jy 'n spannende afdraande tot onder by die Inandadam moet oorleef. Die laaste skof, 'n kanovaart van 22 km (jy moet jou K1 vir so 2 km hiervan op die skouer dra), bring die voorlopers ná ongeveer ses uur by die eindstreep.

'n Atleet wat reeds die afgelope drie jaar hierdie wedloop sy eie gemaak het, is Dan Hugo van Stellenbosch.

Vanjaar was sy visier op sy vierde sege gestel, maar dinge het amper vir die Xterra-kampioen verkeerd geloop. Sy uitdager het uit 'n onverwagte oord gekom – Eric Zondi van die Change A Life-ontwikkelingspan.

Die jong Zoeloe-atleet is een van sowat 'n dosyn Dusi-roeiers wat deur Martin Dreyer, 'n kano-legende in eie reg, afgerig word.

Dreyer het ongeveer 'n jaar en 'n half gelede van Kaapstad na KwaZulu-Natal verhuis om die Martin Dreyer Akademie te begin, met die doel om jong atlete in die Vallei van Duisend Heuwels te help met hul voorbereiding vir die Dusi-kanomarathon.

Dit het hom nie lank geneem om welslae te behaal nie, en tydens die Dusi vanjaar het sewe van sy roeiers top-20 posisies in dié wêreldbekende kanowedvaart behaal.

In 'n poging om die manne fiks te hou het hy hulle laat deelneem aan multisport-wedrenne, en toe dit blyk hulle kan hardloop en fietsry ook, het hy ses van die Change A Life-kêrels vir vanjaar se Triple Challenge ingeskryf.

Zondi het uit die staanspoor die pap dik aangemaak, en het die 20 km soos 'n vlakhaas afgenael, met Hugo kort op sy hakke.

Die uiters tegniese enkelspoor teenaan die einde van die bergfietsdeel was egter vir hom een te veel, en Hugo het genoeg tyd hier gewen om met 'n groot voorsprong die roei-skof te pak en sy vierkuns in die Triple Challenge te behaal.

■ Besoek die webwerf by www.triplechallenge.co.za vir meer inligting oor dié wedren.



Die Stellenbosser Dan Hugo op pad na sy sege.

Martin Dreyer (regs) het sy ontwikkelingspan heelpad aangemoedig. Eric Zondi het dan ook Dan Hugo groot laat skrik. Foto's: JACQUES MARAIS

Tans word dié eendag-kompetisie as een van die land se taaiste driekampbyeenkomste beskou.

Stap-dagboek

Altitude Ultra Ion Mask WPi

Klubs word alfabeties aangegee. Telefoonnommers is in Kaapstad (021), tensy anders vermeld.

BELLVILLE: Feetjiebos, Kleinmond – 5 Desember. Bel Joan van der Merwe by ☎ 949 9758.
BERG EN DAL: Strawberry Hill – 5 Desember. Gr. A. Bel Sarel by ☎ 871 5139.
BERGKLUB VAN SA (PAARL-WELLINGTON-AFD.): Kromrivierhut – 5 Desember. Bel Reinhardt Siegruhn by ☎ 872 5368 of ☎ 082 417 6608.
BERGKLUB VAN SA (TYGERBERG-AFD.): Baviaanskloof – 12-16 Desember. Bel Charlie by ☎ 913 5751 (h) of ☎ 082 339 1733.
BERGKLUB VAN SA (WORCESTER-AFD.): Jaareindgeselligheid – 5 Desember. Bel Erika van Niekerk by ☎ 072 342 9224.
CUMHIKE: Vogelgat, Hermanus – 4-6 Desember. Bel Peter Phillips by ☎ 674 3979; Steenbraspoele, Gordonsbaai – 5 Desember. Bel Albertus Ziervogel by ☎ 919 2767 of ☎ 082 551 1847; Tygerberg-natuurreservaat – 6 Desember. Bel Ella du Plessis by ☎ 073 469 1149.
GANTOUW: Palmietrivier – 5 Desember. Bel Ludi by ☎ 853 0650 of ☎ 083 769 2428.
MERIDIAN: Leeukop-volmaanstap – 2 Desember. E-pos Mare by mareascott@meridian.org.za of besoek www.meridian.org.za; Kommetjie – 5 Desember. Bel Be by ☎ 686 6045 (18:00-20:00); Constantia – 6 Desember. Bel Dolores by ☎ 785 2191.
PAARL-STAPKLUB: Blou disas, Tafelberg – 12 Desember. Bel Nicky by ☎ 558 9959 (saans).
PENINSULA RAMBLERS: Crystal Pools – 6 Desember. Bel Victoria Geldenhuis by ☎ 072 247 4045 of besoek www.ramblers.org.za.
SANLAM: Wynkelderstap – 5 Desember. Bel Steph du Toit by ☎ 853 1613 of ☎ 082 851 9953.
TIRMANMAK: Soekershof, Robertson – 5-6 Desember. Bel Valerie by ☎ 931 5447 of ☎ 082 200 6811.
VOETSLAAN 55: Tygerberg-natuurreservaat – 12 Desember. Bel Hettie Botha by ☎ 919 7969.
VRIENDE VAN LEEUKOP: Stap in reservaat – 12 Desember. Bel Caroline Swift by ☎ 084 303 6777.
VRIENDE VAN TYGERBERG-HEUWELS: Stap in reservaat – 5 Desember. Bel Eddy by ☎ 084 245 2761.
● Faks alle stapinligting na ☎ 021 932 9099, gemerk Louis Mellet, stuur e-pos na louis.mellet@gmail.com of skakel ☎ 082 225 4808.

WEN WEN WEN

Lesers kan vandeesmaand nog 'n paar Hi-Tec V-lite Altitude Ultra WPi-stapskoene wen. Beantwoord net die vraag: "Watter tegnologie is 'n aanduiding van die vervaardigingstegniek wat die skoene so lig as moontlik maak?". SMS jou antwoord (teen R2 per SMS) en die kodewoord "WPi" na ☎ 34588. Die kompetisie sluit op 15 Desember en die wenner sal telefonies in kennis gestel word.

Voëlkyk

SWELLENDAM: Lesings oor hoe om voëls te identifiseer word op 28 en 29 Januarie deur dr. Anton Odendal in die Bontebokpark aangebied. Dit kos R350. Bespreek by Aldo Pekeur by aldop@sanparks.org of skakel ☎ 028 514 2735.

● Stuur bydraes vir die Dagboek na buite@dieburger.com.

Altesame 16 rieldansspanne ruk op na die PAARL

EBEN HUMAN
Kaapstad

Dit was verlede jaar wonderlik om kennis te maak met die ATKV se jaarlikse rieldanskompetisie, en die komende Saterdagaand is dit weer sulke tyd by die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl.

"Die rieldans is só verleidelik, selfs die CD spring ná 'n ruk."

Só het Le Roux Schoeman geskryf, wat ook die eerste keer daar was om video-opnames te maak.

Elf spanne het in die eindronde meegeding en die skrywer Elias P. Nel, die groot dryfveer agter die kompetisie, het sy gehoor goed ingelig gehou oor die agtergrond van die deelnemers en die danse wat hulle uitgevoer het.

Vanjaar was daar nog groter belangstelling in die kompetisie. Die vorige jaar se deelnemertal van 28 spanne het verdubbel na 56, het Nel trots vertel.

Ouma Grietjie het luister aan die kompetisie verleen.

In die eindronde gaan tien junior spanne en ses senior spanne meeding.

Spanne wat vanjaar hul buiging sal maak, kom van Oudtshoorn, Fraserburg, Slangrivier, Calitzdorp, Calvinia en Kweekkraal (tussen Clanwilliam en Citrusdal).

Onder die gaskunstenaars was daar verlede jaar Ouma Grietjie van Garies, David Kramer, Gama Julies, Susarah Smith en Pieter van der Westhuizen. Dis 'n spoggeleentheid en Nel is nie verniet trots op die sterk groei van die kompetisie nie.

Die gedugte kampioenspan van Vredendal is verlede jaar as die nasionale rieldanskampioene ontroon. Die wenners was die jongelinge van Bitterfontein, met Wuppertal tweede en Kareeberg (Carnarvon) derde.

Willem Beukes was weer op sy stukke met die viool en het die David Kramer-wisseltrofee vir "Ratelgat" (naby Vanrhynsdorp) verower.

Quinton (Seun) Bezuidenhout van Vyeboom naby Grabouw is weer vir die oorspronklikste lied vereer.

Saterdagaand word nuwe kampioene gekroon en die kompetisie gaan weer straf wees.

Die kompetisie begin om 19:00 en dit beloof om weer 'n lekker aand se vermaak te wees. Die kaartjies kos R30 en word van 16:30 by die byeenkoms verkoop.

■ Bel Nel by ☎ 083 347 6068 of ☎ 021 886 7156 vir navrae, of besoek die ATKV se webwerf by www.atkv.org.za.

Só is daar verlede jaar laat waai in die rieldans-kompetisie in die Paarl. Foto's: EBEN HUMAN